

BUITENGEWONE  
**OFFISIËLE KOERANT**  
VAN SUIDWES-AFRIKA.  
**OFFICIAL GAZETTE**



EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c      Woensdag, 4 Oktober 1967      WINDHOEK      Wednesday, 4 October 1967      No. 2825

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

ALGEMENE KENNISGEWING:—

GENERAL NOTICE:

No. 145    Lys van Plase vir Toekenning    .    .    .    List of Farms for Disposal    .    .    .    1826

**Algemene Kennisgewing.**

**General Notice.**

(No. 145 van 1967.)

(No. 145 of 1967.)

Binne agt weke na die verskyning van hierdie kennisgewing (d.w.s., tot 29 November 1967) kan daar by die Afdeling Staatsnedersetting en Boerebystand, P/S 13175, Windhoek, aansoek gedoen word om die toekenning van enigeen van die ondervermelde plase, ooreenkomstig 'n huurkontrak van vyf (5) jaar met die reg om die grond te eniger tyd in die loop van die kontrak of by verstryking daarvan aan te koop op voorwaardes van 'n Koophuurkontrak wat oor dertig (30) jaar strek, ooreenkomstig die bepalinge van die Landnedersetting Gekonsolideerde en Wysigings Proklamasie 1927, en moontlike verdere wysigings daarvan en regulasies daarkragtens afgekondig.

Die plase word vir eers voorwaardelik toegeken met 'n proeftydperk van net een (1) jaar teen 'n jaarlikse huurgeld van R2 en bowendien die jaarlikse grondbelasting op die eiendom. As die Staatsnederssettings- en Boerebystandsraad genoeë neem met die wyse waarop die geslaagde applikant sy boerdery voortvoer in die proeftyd, kan 'n plaas aan hom toegeken word kragtens die hierbo aangehaalde Landnederssettingswette. Versuim die geslaagde applikant om in die proeftydperk die voorwaardes van die toekenning na te kom, veral dié wat gaan oor sy verpligting om die hoeve persoonlik te bewoon, kan die toekenning onmiddellik verval. Die Raad kan die tydperk van die proeftoekenning na sy goeddunke verleng.

*Applikante word uitdruklik gevra om te vermeld hoe lank hulle permanent in Suidwes-Afrika gevestig is.*

H. J. STRAUSS,  
Direkteur: Staatsnedersetting en  
Boerebystand.

Windhoek.

Applications will be received at the State Settlement and Farmers' Assistance Branch, P/B 13175, Windhoek, for eight weeks as from the date of this notice (that is, up to 29 November 1967) for the undermentioned farms, to be disposed of on lease for a period of five (5) years with the option of acquiring the land at any time during the currency of the lease, or at the expiration thereof, in terms of a Conditional Purchase Lease extending over a period of thirty (30) years, in terms of the provisions of the Land Settlement Consolidation and Amendment Proclamation, 1927, and any further amendments thereto, and any regulations published thereunder.

The farms will at first be allotted provisionally for a probationary period of one (1) year only at an annual rental of R2 as well as the annual land tax on the property. If the State Settlement and Farmers' Assistance Board is satisfied with the way in which the successful applicant has been farming during the probationary period of allotment, a farm may be allotted to him in terms of the Land Settlement Laws, mentioned above. If at any time during such probationary period the successful applicant does not comply with all the terms and conditions of the allotment, especially those relating to obligatory personal occupation, the allotment may be cancelled forthwith. The period of the probationary allotment may be extended at the discretion of the Board.

*Applicants are expressly requested to state how long they have permanently resided in South West Africa.*

H. J. STRAUSS,  
Director: State Settlement and  
Farmers' Assistance.

Windhoek.

Volgno. Serial No.	Plase Beskikbaar Farms for Disposal	Grootte: Hektaar Extent: Hectares	Koopprys Purchase Price	Halfjaarlikse Huurgeld 1ste Jaar vry. Half yearly Rental 1st Year free. 2de en 3de 4de en 5de Jaar Jaar 2nd and 3rd 4th and 5th Years Years	Opmerkings Remarks
--------------------------	--	--	-------------------------------	--	-----------------------

## DISTRIK — GIBEON — DISTRICT

1	Suidelike gedeelte van plaas Lendepas 291 Southern portion of farm Lendepas 291	± 6338	± R6153	± R61-53	± R106-67	Plus opmetingskoste Plus survey fees
2	Noordelike gedeelte van plaas Lendepas 291 Northern portion of farm Lendepas 291	± 6338	± R10,180	± R101-80	± R178-15	Plus opmetingskoste Plus survey fees
3	Oorblywende gedeelte van plaas Sahara 420 Remaining extent of farm Sahara 420	3690.8565	R20,818-90	R208-19	R364-33	
4	Oorblywende gedeelte van plaas 464 Remaining extent of farm 464	5323.1503	R9552-67	R95-53	R157-19	
5	Noordelike gedeelte van plaas 474 Northern portion of farm 474	± 5500	± R7782	± R77-82	± R136-19	Plus opmetingskoste Plus survey fees
6	Plaas Wilde 566 Farm Wilde 566	5249.9989	R24,498-53	R244-99	R428-74	

## DISTRIK — OUTJO — DISTRICT

7	Plaas 656 Farm 656	± 5060	± R4879	± R48-79	± R85-39	Plus opmetingskoste Plus survey fees Plus koste van noordelike grensheining Plus costs of northern boundary fence
---	-----------------------	--------	---------	----------	----------	--

Die Administrasie kan te eniger tyd die aanbod van 'n plaas wat in hierdie kennisgewing vermeld word, terugtrek. Vorige kennisgewings waarby plase geadverteer word, word hierby ingetrek.

Let asseblief daarop dat die groottes van plase bloot by benadering aangetoon word en dat die pryse en die huurgelde nog nie noukeurig bepaal is nie.

Vergoeding vir verbeterings (wat sover doenlik by die kooppryse van die plase gevoeg word) word deur die Administrasie betaal tensy die geslaagde applikant die verbeterings aangebring het en daarop daal die koopprys dienooreenkomstig. Waar verbeterings aangebring word nadat die plase geïnspekteer is met die oog op advertensie, takseer die Raad die verbeterings, en voeg hy die taksasiebedrag by dié van die plaas. Die aangegewe afstande van die plase van hul naaste dorpe is bloot skattings.

Besonderhede oor die plase, soos byvoorbeeld verbeterings, watervoorrade en die soort boerdery wat daarop beoefen word, is ontleen aan inspeksieverslae en applikante moet hulle oortuig van die juistheid van die verstrekte besonderhede.

*Inbesitneming:* Die kontrakte wat die Administrasie met applikante aangaan, bevat bepalinge dat die huurders die hoewes wat aan hulle toegeken is persoonlik en op bevorderlike wyse moet gaan bewoon binne ses weke na die datum van toekenning en daarna minstens elf (11) maande per kalenderjaar.

**LET ASSEBLIEF WEL:** Die huurkontrak bepaal dat 'n huurder geen beroep mag uitoefen wat sy afwesigheid van die hoewe meebring nie.

The Administration may at any time withdraw any farm mentioned in this notice from allotment. Any previous notices advertising farms are hereby withdrawn.

Please note that the farms' sizes are given by approximation only and that the prices and rentals have not yet been fixed accurately.

Compensation for improvements (which has as far as possible been added to the purchase prices of the farms) will be paid by the Administration except where the successful applicant has made the improvements whereupon the price will be reduced accordingly. Where improvements have been made after the farms have been inspected for advertisement, the Board will appraise the improvements and add the amount of the valuation to the price of the allotment. The distances of the farms from the nearest towns, as stated, are approximate only.

Particulars about the farms, such as improvements, water supplies and the type of farming conducted on them, are based on inspection reports and applicants should satisfy themselves as to the correctness of the information given.

*Occupation:* The contracts concluded by the Administration with applicants contain provisions that the lessees should personally and beneficially occupy the holdings allotted to them within six weeks from the date of allotment and thereafter for at least eleven (11) months in every calendar year.

**PLEASE NOTE:** The contract of lease provides that a lessee shall not engage in any profession requiring his absence from the holding.

## BESKRYWING VAN PLASE.

1. 76 myl van Aranos: Geskik vir klein- en grootvee-boerdery.

*Verbeterings:* Gedeeltelike grensomheinings; boorgat; reservoir; pyp-trektorring; waterkampe; kalwerhok; skaapkraal.

2. 76 myl van Aranos: Geskik vir klein- en grootvee-boerdery.

*Verbeterings:* Gedeeltelike grensomheinings; boorgat; reservoir; suipbak; waterkamp; skaapkraal; dipinrigting; opvangkraal; beeskraal; kalwerhok; drukgang; huiskamp; woonhuis; rondawel; binnekampe; windpomp met pype; stange en silinder; enjin; kragkop.

3. 50 myl van Aranos: Geskik vir klein- en grootvee-boerdery.

*Verbeterings:* Woonhuis; buitegebou; huiskamp; gemakshuisie; boorgat; mono-pomp met pype; stange en silinder; enjin; kragkop; reservoir; huiswatertenk; pyp-trektorring; suipbakke; waterkamp; kleinvee-dipinrigting; plastiekpype; kampie om buitegebou; beeskrale; kalwerhok; beesdrukgang; skaapdrukgang; skaapkrale; opvangkraal; pelswastafel; binnekampe; grensomheinings.

4. 96 myl van Aranos: Geskik vir klein en grootvee-boerdery.

*Verbeterings:* Jakkalsdraad grensomheinings; boorgat; reservoir.

5. 126 myl van Gochas: Geskik vir klein- en grootvee-boerdery.

*Verbeterings:* Gedeeltelike grensomheinings; boorgat; reservoir; drinkbak; velwastafel; enjinkamer; skaapkrale.

6. 65 myl van Gochas: Geskik vir klein en grootvee-boerdery.

*Verbeterings:* Grensomheinings; binnekampe; boorgat; windpomp met pype; stange en silinder; reservoirs; huiswatertenk met pype; windpomp met plastiekpype; suipbakke; enjin; kragkop; skaapkrale; drukgang; woonhuis; enjinkamer; riool; huiskamp; varkhok; damkamp; reenwatertens; skeerhok.

7. 120 myl van Outjo: Geskik vir klein- en grootvee-boerdery.

*Verbeterings:* Boorgat; grensomheining; binnekampe; enjin en kragkop met pype, stange en silinder; reservoir; drinkbak; uitleipype; damkamp; krale; drukgang; varkhok.

Omdat heelwat aansoek om party van die plase verwag word, word applikante om hulle eie beswil aange-raai om aansoek te doen om meer as een plaas en om daarby die volgorde van hulle voorkeur aan te toon.

Private eiendomsreg op grond in Suidwes-Afrika sluit die reg op minerale en edelgesteentes op en onder die grond uit. Elkeen wat behoorlik ingevolge Ordonnansie 26 van 1954 (die Ordonnansie op Myne, Werke en Minerale) daartoe gemagtig is, kan op die bogenoemde plase prospekter, kleins afpen en mynbedrywighede uitoefen. Die houër van 'n prospekterlisensie ten opsigte van enige van die bogenoemde hoewes het reg op weiding en water vir vee wat nodig is by die prospektering asook op hout waar dit voorhande is, as dit benut kan word sonder wesenlike nadeel vir die boerdery en onderhewig aan die betaling van vergoeding ooreenkomstig die bepalings van die vermelde ordonnansie.

## ALGEMENE VOORWAARDES.

*Omheining.*

Die geslaagde applikante moet by toekenning alle aanspreeklikheid aanvaar vir die betaling van opeisbare bedrae betreffende omheinings wat op hulle hoewes opgerig word. Geslaagde applikante ten opsigte van hoewes waarop die grensomheining geheel of ten dele opgerig is, moet ingevolge die omheiningswette van Suidwes-Afrika aanspreeklikheid aanvaar vir bedrae wat die eienaars van aanliggende grond kragtens daardie wette kan eis.

## DESCRIPTION OF FARMS.

1. 76 miles from Aranos: Suitable for small and large stock ranching.

*Improvements:* Partial boundary fencing; borehole; reservoir; winch; water camps; calfs' pen; sheep kraal.

2. 76 miles from Aranos: Suitable for small and large stock ranching.

*Improvements:* Partial boundary fencing; borehole; reservoir; drinking trough; water camp; sheep kraal; dipping installation; receiving kraal; cattle kraal; calfs' pen; manga; house camp; dwelling house; rondavel; inner camps; windmill with pipes; rods and cylinder; engine; powerhead.

3. 50 miles from Aranos: Suitable for small and large stock ranching.

*Improvements:* Dwelling house; outbuilding; house camp; lavatory; borehole; mono pump with pipes; rods and cylinder; engine; powerhead; reservoir; housewater tank; winch; drinking troughs; water camp; small stock dipping installation; plastic pipes; small camp around outbuilding; cattle kraals; calfs' pen; cattle manga; sheep manga; sheep kraals; receiving kraal; pelt washing table; inner camps; boundary fencing.

4. 96 miles from Aranos: Suitable for small and large stock ranching.

*Improvements:* Jackal-proof boundary fencing; borehole; reservoir.

5. 126 miles from Gochas: Suitable for small and large stock ranching.

*Improvements:* Partial boundary fencing; borehole; reservoir; drinking trough; pelt washing table; engine room; sheep kraals.

6. 65 miles from Gochas: Suitable for small and large stock ranching.

*Improvements:* Boundary fencing; inner camps; borehole; windmill with pipes, rods and cylinder; reservoirs; housewater tank with pipes; windmill with plastic pipes; drinking troughs; engine; powerhead; sheep kraals; manga; dwelling house; engine room; drain; house camp; pigsty; reservoir camp; rain water tanks; shearing pen.

7. 120 miles from Outjo: Suitable for small and large stock ranching.

*Improvements:* Borehole; boundary fencing; inner camps; engine and powerhead with pipes; rods and cylinder; reservoir; drinking trough; outlet pipes; reservoir camp; kraals; manga; pig-sty.

Because of the large number of applications expected for some of the farms applicants are advised, in their own interests, to apply for more than one farm, stating their order of preference.

Private ownership of land in South West Africa does not include the ownership of minerals and precious stones on or under such land. All the above holdings are open to prospecting, pegging and mining by any person duly authorised thereto in accordance with the provisions of Ordinance 26 of 1954 (the Mines, Works and Minerals Ordinance). The holder of a prospecting licence over any of the above-mentioned holdings is entitled to grazing and water for livestock required for prospecting operations as well as wood, in so far as it is available, without materially interfering with the working of the farm and subject to payment of compensation as the Ordinance provides.

## GENERAL CONDITIONS.

*Fencing.*

The successful applicants shall, on the allotments being made to them, assume full liability for the payment of all amounts which may be payable for fencing erected on the holdings. Successful applicants for any of the holdings on which the boundaries or part thereof are fenced, shall accept liability under any law relating to fencing in South West Africa, for any amounts which may be claimed by adjoining owners in terms of such law.

**Boorgate.**

Die huurkontrakte wat die Administrasie uitreik ten opsigte van hoewes waarop boorgate voor of na toekenning geboor is, bepaal dat die Administrasie die reg het om die hoewes te betree en die water te benut vir Administrasieboorwerk oor vyf (5) jaar na die datum van die huurkontrak. Die huurkontrak bevat 'n voorwaarde dat die geslaagde applikant ten opsigte van enige van die bovermelde hoewes wat boorgate het of waarop daar boorgate voor toekenning geboor word, met ingang van die toekenning of die voltooiing van die boorgate aanspreeklik is vir skade aan die boorgate en dat hy hulle behoorlik in stand moet hou. Hy moet dus geensins die water benut sonder om 'n behoorlike pomptoestel by die boorgat op te rig nie.

**Voorskotte.**

Die Administrasie onderneem nie om voorskotte aan geslaagde applikante toe te staan vir die aankoop van vee, ensovoorts, of ter oprigting van blywende verbeterings nie.

**Gesaaides.**

Elke weidingslisensiehouer of tydelike huurder wat gesaaides op die land het, het die reg om die gesaaides op te pas en af te oes.

**UITREIKING VAN GOEWERMENSGRONDBRIEWE.**

Onder spesiale omstandighede kan Goewermentsgrondbriewe ten opsigte van hoewes met die Administrateur se toestemming uitgereik word voordat tien (10) jaar na die toekenning verloop het.

**ALGEMEEN:**

Die huurkontrak bevat voorwaardes ten opsigte van bewoning, omheinings, uitspanplekke, paaie en ander voorwaardes soos dié wat gewoonlik verskyn in landboukontrakte wat ingevolge die Landnederstelling Gekonsolideerde en Wysigings Proklamasie van 1927 uitgereik word.

Bepalings oor die onderstaande sake verskyn in die huurkontrakte:

- (a) Die Administrasie kan 'n hoewe of 'n deel daarvan teen betaling van vergoeding terugneem waar dit in die openbare belang blyk;
- (b) Paaie en deurgange op die grond, ongeag of hulle op die plaaskaart verskyn of nie, moet vry en onbelemmer gelaat word en die huurder van 'n hoewe moet die eienaar van die aanliggende grond die reg van deurgang oor die grond verleen.

As die opsie op die koop uitgeoefen word, word die huurgeld wat in die huurtermyn betaal word, nie van die koopprys afgetrek nie.

Om hulle eie beswil word applikante aangeraai om 'n hoewe waarom hulle aansoek wil doen, persoonlik te inspekteer. By die oorweging van aansoeke om hoewes ken die Raad nie graag 'n hoewe aan 'n applikant toe wat nie 'n persoonlike inspeksie uitgevoer het nie: 'n Applikant kan iemand anders vra om die hoewe om sy ontwil te gaan inspekteer. Die Administrasie staan geen vervoerkoncessies in verband met besoeke aan hoewes toe nie.

Alle aansoeke moet ingedien word op die voorgeskrewe vorm verkrygbaar by landdroskantore en die Senior Landboubeampies.

Die Afdeling Staatsnederstelling en Boerebystand het hom beywer om noukeurige besonderhede oor hoewes te verstrek in hierdie kennisgewing, maar is geensins aanspreeklik vir onjuistheid nie.

**Boreholes.**

The leases issued by the Administration in respect of holdings on which boreholes may be sunk before or after allotment thereof stipulate that the Administration shall have access to, and the right to take water from, the boreholes for Administration drilling purposes for a period of five years from the date of the leases. It will be a condition of lease that the successful applicant for any of the above holdings on which boreholes exist or may be sunk previous to allotment will be held responsible as from the date of allotment or from completion of the work for the proper care and maintenance of the borehole or boreholes on his holding and shall be liable for any damage caused thereto. He shall, therefore, on no account use the water without a proper pumping plant.

**Advances.**

The Administration does not undertake to grant any advances to successful applicants for the purchase of stock, etc., or the erection of permanent improvements.

**Crops.**

Any grazing licence holder or temporary lessee who has any crops on the land shall be entitled to tend and reap them.

**ISSUE OF GOVERNMENT GRANTS.**

Government grants of holdings may in special circumstances with the Administrator's approval be issued before the expiry of ten (10) years from the date of allotment.

**GENERAL:**

The lease contains conditions relating to residence, fencing, outspans, roads and other conditions usually found in agricultural leases granted under the Land Settlement Consolidation and Amendment Proclamation, 1927.

Clauses on the following matters appear in the leases:

- (a) The Administration may resume the whole or a portion of any holding on payment of compensation where it appears to be in the public interest;
- (b) Roads and thoroughfares on the land, whether they appear on the farm diagram or not, shall remain free and unobstructed and the lessee of a holding shall grant to any neighbouring proprietor the right of way over such land.

If the option to purchase is exercised, the rent paid during the lease period shall not be deducted from the purchase price.

Applicants are advised in their own interests personally to inspect the holdings they wish to apply for. In considering applications for holdings the Board is as a rule not inclined to allot holdings to applicants who have failed to make a personal inspection: An applicant may ask some other person to inspect the holding on his behalf. No transport concessions are given by the Administration in connection with the inspection of holdings.

All applications must be submitted on the prescribed form which can be obtained from magistrate's offices and the Senior Agricultural Officers.

The State Settlement and Farmers' Assistance Branch has taken every care to ensure that the particulars about holdings given here, are accurate, but is not liable for inaccuracies.